Eskom se laat kontrakte pootjie Ipsa

Francois Williams,
Die Britse groep Ipsa is omgekrap omdat verneem is dat tenders vir Eskom se mediumtermyn-kragaankoopprogram nie voor April volgende jaar toegeken sal word nie.
Ipsa sê in ’n handelsverslag gister hy het onlangs gehoor die kragkoopkontrakte ingevolge Eskom se mediumtermyn-kragaankoopprogram is wéér uitgestel.
Ipsa sê hy het ingevolge die program getender teen die laagste prys wat Eskom gesoek het. Ingevolge die tendervoorwaardes kan Ipsa nie tydens die tenderperiode ’n kragkoopooreenkoms met enige ander kliënt sluit nie. Die verdere uitstel van die tendertoekenning is dus ’n groot teleurstelling, het die maatskappy gesê.
Ipsa onderhandel nou om die produksie van stoom by sy aanleg in Newcastle in KwaZulu-Natal te hervat terwyl gewag word dat Eskom die kragaankoopprogram in werking stel.
Verder probeer Ipsa voortgaan met sy skoon-steenkoolprojekte in die Oos-Kaap, waar hy steenkool van die Elitheni-myn wil benut om krag regstreeks aan die private sektor te lewer. Met streng kragbesparingsmaatreëls wat teen einde vanjaar in werking tree, verwag Ipsa dat ’n aantal groot kraggebruikers deur skerp stygings in elektrisiteitskoste in die gesig gestaar word. Ipsa hoop om private kragkoopooreenkomste met van dié kraggebruikers te sluit.
Mnr. Peter Earl, uitvoerende hoof van Ipsa, het in ’n onderhoud met Radio 702 gesê hulle wag al nege maande vir die sluit van ’n kragkoopkontrak met Eskom en kan nie langer wag nie. Die verkoop van krag regstreeks aan private kraggebruikers kan egter hul toekomstige verhoudinge met Eskom bemoeilik.
) Ipsa het vandeesweek ’n lening van $250 000 (R1,9 miljoen) ontvang van IPC, die maatskappy wat deur Earl, ook uitvoerende hoof van IPC, beheer word.
Die lening is vir bedryfskapitaaldoeleindes. Ipsa skuld nou al £780 000 (R9,86 miljoen) aan IPC, het die groep gesê.
IPC is bereid om nog $750 000 (R5,72 miljoen) aan Ipsa te leen, onderhewig aan sekere voorwaardes.
IPC stel belang om die vier gasturbine-kragopwekkers oor te koop wat Ipsa oorspronklik vir sy kragprojek in Coega by Port Elizabeth aangekoop het. Weens vertragings in die verkrygingsproses vir die projek het Ipsa besluit om die vier turbines te verkoop. IPC stel belang om die turbines in toekomstige kragprojekte in die Midde-Ooste en Asië te gebruik. Die turbines word tans in Italië geberg. Ipsa moet teen einde September £15,7 miljoen (R198,4 miljoen) aan Standard Bank betaal vir die oorspronklike aankoop van die turbines.
Ipsa se direksie verwag hy sal meer vir die vier turbines kry as die vereiste terugbetaling aan Standard Bank. Maar die verkoop van die turbines aan IPC hang daarvan af of finansiering verkry kan word vir die projekte waar die turbines gebruik kan word.

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."
"This article represents the text exactly as it was published